# GENL. JAN KEMP SE VORMINGSJARE: WAS DIT VERANTWOORDELIK VIR SY BESLUIT OM AS REBEL DIE NUUTGESTIGTE SUID-AFRIKAANSE VERDEDIGINGSMAG UIT TE DAAG?

**Johan Ligthelm en Leo Barnard***

***Summary***

*During the Jameson Raid in December 1895, General Kemp became a lieutenant in the Krugersdorp Voluntary Corps. At the outbreak of the Anglo-Boer War in 1899 he joined the Krugersdorp Commando and soon became an officer in General Koos de la Rey's ranks. His war record is a story of great courage and bravery. He was successful in battles such as Vlakfontein in 1901 and in the last months of the war he gained, in an act of courage, a victory over General Hamilton's forces at Roodewal. At the Peace Conference at Vereeniging in May 1902 he was one of the six delegates who voted against the British peace proposals.*

*In 1912 he became a major in the newly founded Defence Force of the Union of South Africa. In 1914 he resigned from the Defence Force in protest against the war policy of General Botha's government. From the North-Western Cape he led a rebel force on horseback through the Kalahari, under extreme conditions, to join General Manie Maritz at the border to German South-West Africa. After an unsuccessful attempt against the Union's Forces at Upington in January 1915, he was forced to surrender. For his participation in the Rebellion he was sentenced to seven years imprisonment and a fine of R2 000.*

*This embittered Kemp and he regarded Botha and General Smuts as traitors of the Afrikaner nation. Kemp, the die-hard, remained an enemy of British imperialism for the rest of his life. The freedom he so dearly loved and had fought for remained in his spirit and on his deathbed his last words were, "I do not fear".*

## 1. TER INLEIDING

"Ek vrees nie…."[1] Onverskrokke woorde, maar woorde van geloof van 'n sterwende man. Dikwels, tydens die worsteldae van die Anglo-Boereoorlog en ook later tydens die Rebellie, het hy die dood trotseer. Tog het hy geen vrees geken nie en elke keer die dood ontwyk. Op Oujaarsdag 1946 sou die doodsengel egter onverbiddelik opdaag. En nog was dit: "Ek vrees nie, want ek het vrede met my God en

* Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat.

1 APJ van Rensburg, "Generaal Jan Kemp", **Die Taalgenoot**, September 1972, p. 9; DP Goosen (red.), **Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika**, 1910-1953 (Olifantsfontein, 1953), p. 702.

my Volk."[2] Dit was Jan Kemp se laaste woorde en tegelyk 'n onverganklike grafskrif wat hy vir homself geskryf het, omdat dit so tiperend van sy lewe was.

Onverskrokke, deurtastend, vurig en begaafd met die fynste krygsvernuf was hy op 28-jarige leeftyd reeds een van die knapste ruiteraanvoerders in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika.[3] Hy was bowenal krygsman en dit verbaas 'n mens enigsins om te verneem dat hy sy loopbaan op so 'n prosaïese wyse as klerk in 'n staatsdepartement begin het.[4]

## 2. VOORTREKKERNASAAT EN JEUGJARE

Jan Christoffel Greyling Kemp[5] is afkomstig uit 'n arm Boerefamilie wat hulle lewensadel nie geërf het nie, maar deur voortdurende harde arbeid met hulle hande opgebou het. Hy is op 10 Junie 1872 op die plaas Goede Hoop, in die destydse distrik Wakkerstroom, gebore as die tweede jongste seun van Jurie Johannes Kemp en Maria Aletta Greyling.[6] Sy oupa aan moederskant, Abraham Sarel Greyling, 'n stiefseun van die Voortrekkerleier Piet Retief, is in 1838 saam met Retief deur die Zoeloes vermoor. Sy oupa aan vaderskant, Petrus Johannes Kemp, het in die dertigerjare van die negentiende eeu vanuit België na Suid-Afrika geëmigreer.[7]

Sy kenmerkende vermoë om te volhard en om te wen het Jan Kemp - soos hy van kindsbeen af bekend gestaan het - in 'n groot mate van sy ouers geërf. Sy vader het sy boerdery begin as 'n gewone bywoner. Na 'n paar jaar het hy Transvaal toe getrek en om die helfte begin boer met 'n paar perde en 'n klompie beeste. Na tien jaar was hy al so ver gevorder dat hy dieselfde getal vee waarmee hy begin het, tesame met die helfte van sy vee kon teruggee. So goed het die boerdery gevorder dat hy later 1500 beeste besit het.[8] "My moeder was 'n pure boervrou", getuig Kemp later self. "Sy het gekook, gewas, gestryk en daarby ook nog kinders opge-

2 **Die Transvaler**, 1 Januarie 1947.
3 O Pirow, **James Barry Munnik Hertzog** (Kaapstad, 1957), p. 135.
4 **Die Huisgenoot**, 17 Januarie 1947, p. 9, Genl. Jan Kemp, redaksioneel.
5 E Rosenthal, **South African surnames** (Kaapstad, 1965). Kemp is 'n ou Duitse woord vir vegter; PW Grobbelaar (red.), **Die Afrikaner en sy kultuur**, Deel IV (Kaapstad, 1975). Kemp is moontlik die woord vir stryd.Vergelyk byvoorbeeld kampvegter en bekamp; JH Redelinghuys, **Die Afrikaner familienaamboek** (Kaapstad, 1954), p. 131. Pieter Kemp, van Brugge in Vlaandere, het met Luitje Willems in die huwelik getree. Hulle was die ouers van Gerrit (1715), getroud met Maria le Roux en hulle is verantwoordelik vir die voortplanting van die Kemp-geslag in Suid-Afrika; P Marais, **Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902** (Pretoria, 1999) meld: "Ter opsomming kan 'n mens miskien Robert de Kersauson de Pennedriff, wat saam met Manie Maritz in die veld was (**Ek en die Vierkleur**), aanhaal waar hy sê: "In die algemeen is die Boere nie ongeletterd en growwe boere wat in vuil, swakgeboude, pondokke woon soos die geval is met die landbouers van Frankryk, Holland en ander dele van Europa nie. Nee, die boere van Suid-Afrika is edelliede wat gewoonlik aansienlike plase besit..", p. 18; Bylaag 1.
6 Van Rensburg, p. 9; JCG Kemp, **Vir vryheid en reg** (Kaapstad, 1941), p. 167.
7 Redelinghuys, p.131; Kemp, p. 167.
8 Van Rensburg, p. 9.

pas. Ons is nie deur bediendes opgepas soos vandag die gewoonte is nie…. Tydens die Eerste Vryheidsoorlog wou 'n dronk Tommie my moeder aanrand. Sy het hom net een kopskoot met die vuis geslaan - plat teen die grond."[9]

Geen wonder dan dat Sagmoedige Neelsie se "Oorbodige Raad" aan Kemp was:
*"My seun, pas-op*
*Vir twis - jaag liewer weg op 'n gallop*
*Maar as 'n swêrnoot jou die eerste skop,*
*Neuk hom dan eenmaal terdeë op*
*Dat hy vir jou na dese sal pas-op*."[10]

Soos dit maar die geval was met die meeste van sy tydgenote, het Jan Kemp sy eerste skoolonderrig op 'n plaasskool ontvang.[11] Verder het hy geleef en gewerk soos alle plattelandse Afrikanerjeug dit destyds gedoen het. Hy vertel self: "Van my sesde jaar af was ek alles op die plaas gewees: skaapwagter, kalwerwagter en bokwagter. Ek het klei aangedra en klippe aangegee tydens die bouery van ons eerste geboutjie op die woonplaas Vroegeveld. Baie aande het ons papnat tuis gekom van die werk af. Ons was onsself dan sommer in die spruit en kruip so met nat klere en al in die komberse."[12]

As veeboer het sy vader heelwat rondgetrek, altans elke winter, met die gevolg dat klein Jan nie baie kans gekry het om skool te besoek nie. In 1886, op veertienjarige ouderdom, stuur sy vader hom na Pretoria, en word hy 'n leerling aan die bekende Staatsgimnasium van "Meester" Wessel Louis,[13] destyds een van die klein getal hoërskole in Transvaal waar onderwysers en staatsamptenare vir hul werk voorberei is.[14] Een van sy klasmaats was Piet Grobler, "Lange Piet" soos hy vanweë sy lengte onder sy maats bekend was. 'n Derde persoon wat in die boesemvriendskap gedeel het was Tjaart Kruger, jongste seun van president Paul Kruger. Piet Grobler was reeds vroeër bevriend met Tjaart Kruger en laasgenoemde het aanbeveel dat Piet na Pretoria moes gaan vir skoolopleiding. Jan Kemp en Piet Grobler het 'n lewenslange vriendskap gesluit en dit sou kulmineer in hulle politieke loopbane waar hulle jare lank in die Nasionale Party-kabinet gedien het.[15] As gevolg van die

9 Kemp, p. 168; Van Rensburg, p. 9.
10 **Ibid**., invoegsel.
11 CP Muller en WA Cruywagen, **Die eerste skof van die Nasionale Party in Transvaal 1914-1964** (Johannesburg, 1964), p. 83; Kemp, p. 170.
12 Van Rensburg, p. 9; Kemp, p. 168.
13 Mulder en Cruywagen, p. 83; Kemp, p. 170.
14 JCH Grobler, **Politieke leier of meeloper? Die lewe van Piet Grobler 1873-1942**, p. 2.
15 **Ibid**. Met die PAKT se verkiesingsoorwinning in 1924 word Kemp op sterk aanbeveling van Piet Grobler deur Hertzog as Minister van Landbou aangestel en word Grobler Minister van Lande en Besproeiing. Saam sou hulle in die kabinet dien tot 6 September 1939: PAKT 1924-1933 en VSANP 1934-1939.

vriendskap met Tjaart Kruger het Jan Kemp as skoolseun meer as een naweek aan die huis van president Paul Kruger deurgebring en sodoende met die ideëwêreld van die nasionalistiese volkskarakter van die Boereleiers in die Transvaal in aanraking gekom.[16]

Gedurende dié tydperk was Pretoria maar baie klein en het die jong klomp gereeld vir ontspanning in die Apiesrivier gaan swem. Met die aanbreek van vakansies het Kemp met die destydse "koets" tot by Volksrust gereis en aangesien die rit deur Johannesburg gegaan het, het hy op die manier met dié stad kennis gemaak - 'n plek wat uit 'n klompie sinkhuise en tente bestaan het.[17] Na drie jaar van vlytige studie slaag hy in 1889 die Eersteklas-Onderwysaanvullingseksamen, min of meer gelykstaande aan die hedendaagse matriek.[18] Hierna keer hy terug plaas toe vir ongeveer een jaar. Aangesien sy vader daarop aangedring het dat hy in een of ander kantoor moes gaan werk, keer hy terug na Pretoria en word as klerk in die Departement van Onderwys aangestel, 'n betrekking wat vakant geword het deur die oorplasing van Piet Grobler na die Departement van Mynwese.[19] Aangesien die werk hom nie geval het nie, is Kemp ook na 'n jaar verplaas na laasgenoemde departement. In die kantoor van die Mynkommissaris op Krugersdorp vorder hy van junior klerk tot verantwoordelike of eerste klerk. Voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het hy by verskeie geleenthede as Mynkommissaris opgetree.[20] Met sy intelligensie en deursettingsvermoë kan 'n mens aanneem dat hy later 'n kandidaat vir Mynkommissaris kon geword het, was dit nie vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog nie.

## 3. KRYGSMAN

Wat karakter en temperament betref, was Kemp veral krygsman, en 'n mens kan jou nie voorstel dat 'n man met sy lig ontvlambare gemoed en sy besondere aktiewe geaardheid baie gelukkig kon gewees het binne die mure van 'n kantoor nie. 'n Mens kan dan ook begryp met watter geesdrif hy die geleentheid aangegryp het om sy land op die slagveld te dien. "In die tydperk toe die eike in ons volkslewe gekraak en geknars het onder die windgeweld van vyandelike oormag, het Kemp sy

---

[16] JH Ligthelm, **Genl. JCG Kemp se rol in die Rebellie van 1914-1915** (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1969), p. 8.

[17] Kemp, p. 170.

[18] Mulder en Cruywagen, p.83; **Pretoriana**, nrs. 32 en 33, April-Augustus 1960, Feesuitgawe, pp. 62-5, SJ (Fanie) Bezuidenhout skrywe in sy berig oor "Meester" Wessel Louis se skool in Pretoria: "Ons hoogste eksamen was die Eersteklas Onderwyseksamen, wat soos die hoof van die skool ons meegedeel het, hoër was as die matrikulasie-eksamen en gelyk gestaan het aan die Gimnasium eksamen in Holland. Die enigste persoon wat in my tyd die eksamen gepasseer het en dit met lof was genl. Jan Kemp. Ander het ook probeer maar gesak."

[19] Kemp, p. 170.

[20] JCG Kemp-versameling, A34, Band 11; **Staatsekretarisargief**, Band 1983, verwysingsnommer 8710/93, Bylaag 2 en Bylaag 3.

plek roemrugtig volgestaan",[21] volgens HP Maritz. Hy was besield met 'n vurige en onvernietigbare nasionalisme wat nie alleen in oorlog na vore gekom het nie, maar 'n sterk karaktereienskap van sy latere politieke lewe was. Die strewe na 'n onafhanklike republiek was deel van sy lewe en dit was een van die groot ideale wat hy gekoester het.

Sy eerste geveg met die "vyand" het hy op driejarige leeftyd meegemaak. Dit was 'n skyngeveg en aangesien hy te jonk was om te onthou, het sy moeder hom in latere jare daarvan vertel. Die Kempgesin was op hul gehuurde winterplaas in Swaziland en op 'n dag was sy vader op soek na vermiste vee. Terwyl die moeder met haar twee seuntjies alleen was, het daar onverwags 'n Swazi-kommando, wat besig was om op te trek teen die Zoeloes, die plaas genader. Uit vrees vir die swartes het die moeder met die kindertjies na 'n nabygeleë bos gevlug. Daar in die bos het klein Jan 'n stok, wat as geweer gedien het, gekry en die denkbeeldige vyand platgeskiet, terwyl sy ouer broer hom oor die voorbarige manhaftigheid van sy klein broertjie vererg het.[22]

Sy loopbaan as krygsman het eintlik met die Jameson-inval van 1895-1896 begin,[23] hoewel dit vir hom, net soos vir die oorgrote meerderheid van die burgers, nie nodig was om 'n enkele skoot te skiet nie. Hy was 'n luitenant in die Krugerdorpse "vrywilligerskommando".[24] In 1895 het hy egter as vrywilliger na die oorlog teen Makhado gegaan en in die bosse en klowe van die Soutpansberg sy vuurdoop ondergaan.[25] Tydens 'n geveg met die Vendas het hy ook vir die eerste keer met die harde werklikheid van oorlog te doen gekry en het hy verhaal: "Die dag met die geveg by Louis Trichardt, terwyl ons honger was en besig om biltong te eet, skiet 'n swarte ene Auswald 'n kopskoot dat hy sommer teen my arm doodval."[26]

Net soos sy voorvader Piet Retief het hy 'n amperse soortgelyke ervaring in Swaziland beleef. Bundu was die koning van die Swazi's en hy is voor die hof gedaag vir 'n aantal moorde en beweerde toordery. Gedurende die Swazilandse ekspedisie wou

21 HP Maritz, "Wyle genl. Kemp", **Die Brandwag**, 17 Januarie 1947, p. 3.
22 Kemp, pp. 166-7.
23 JJ van Tonder, "Ons Boere-generaals, Genl. Jan Kemp", **Die Taalgenoot**, Desember 1977, p. 23.
24 EA Venter, **Vierhonderd leiers in Suid-Afrika oor vier eeue** (Potchefstroom, 1980), p. 85.
25 GD Scholtz, "Skitterende loopbaan as krygsman", **Kommando**, Volume 5, Desember 1954, p. 14; WJ de Kock (red.), **Die Suid-Afrikaanse Woordeboek** (Kaapstad, 1968), p. 439; JS Bergh (red.), **Geskiedenisatlas van Suid-Afrika. Die vier noordelike provinsies**, p 210. Genl. Kemp verwys na Magato terwyl die werklike skryfwyse van die naam Makhado was. Makhado was koning van die Vendas en hulle was nie teen die jare negentig van die 19de eeu ten volle onder die beheer van die ZAR nie. In 1895 het Mphophu Makhado as koning opgevolg en die Vendas was trouens die laaste swart gemeenskap in die ZAR wat nog nie verower was nie. Die stryd teen hulle sou dus 'n era afsluit waarin verskillende swart gemeenskappe noord van die Vaalrivier aan blanke gesag onderwerp is.
26 Kemp, p. 170.

die koning kmdt. Joubert van Carolina spreek. Gevolglik het kmdte. Joubert, Viljoen en Jan Kemp - laasgenoemde was op hierdie tydstip lid van Joubert se kommando en te Bremersdorp gestasioneer - na Embeguleni, die hoofstat, vertrek. Terwyl die twee kommandante met die koning beraadslaag het, het Kemp alleen agtergebly tussen al die swartes. Hy verhaal self: "....voel net baie bang, want ek weet nie wat hulle met my metgeselle kon aangevang het nie".[27] Later het die twee kommandante en Bundu verskyn en het hulle almal saam bier gedrink en vleis geëet. Bundu het onderneem om hom by die hof aan te meld, hoewel Joubert nie die waarborg kon gee dat hy nie gevonnis sou word nie. Bundu het egter nie sy woord gestand gedoen en by die hof opgedaag nie. Twee dae later was Kemp, as luitenant van die vrywilligers, agter Bundu aan, maar hy het toe alreeds na Natal gevlug. Vir Kemp was dit 'n traumatiese ervaring en hy meld in sy boek **Vir Vryheid en Reg**: "Hierdie onderneming om Bundu te ontmoet, was baie gewaagd, want dieselfde moorddadige gevolge as die van Dingaan op Retief en sy manskappe gepleeg, kon hier herhaal gewees het."[28]

Met die verskyning van die oorlogswolke oor die Suid-Afrikaanse en Vrystaatse Republieke in 1899, is die eerste burgers aangesê om na die grens te vertrek. Getrou aan sy gevestigde nasionalisme was Kemp een van die eerstes wat dadelik aansoek gedoen het om saam na die Natalse grens te gaan. Aangesien hy egter nog 'n klerk in die kantoor van die Mynkommissaris op Krugersdorp was, wou sy hoof niks daarvan hoor dat hy na die front toe gaan nie en gevolglik weier hy om verlof toe te staan.[29] Die vindingryke en avontuurlike Kemp het egter sy sake so gereël dat hy as vrywilliger saam met die burgers kon gaan en het sy kantoor- en brandkluis-sleutels aan Preller, 'n klerk, oorhandig en vertrek. Spoedig hierna is hy deur die hoofde gedreig dat hy ontslaan sou word uit die staatsdiens indien hy nie dadelik terugkeer na sy werk toe nie. 'n Ontstelde Kemp het hom tot Piet Joubert gewend en laasgenoemde het aan die Departement van Mynwese 'n telegram gestuur met die versoek dat verlof aan Kemp toegestaan word. Geen reaksie is vanaf die departement ontvang nie en 'n bekommerde Kemp is weer na Joubert toe, aangesien hy bang was dat hy ontslaan sou word. Die generaal se gerusstellende antwoord aan hom was: "Dan moet hulle eers vir Piet Joubert ontslaan en dan kan hulle vir jou ontslaan. Gaan maar terug na jou kommando toe."[30] 'n Mens kan jou indink met watter geesdrif hy die geleentheid om sy land te verdedig aangegryp het en vol vertroue is hy na die front toe.

27 **Ibid**., p. 171.
28 **Ibid**.
29 **Ibid**., p. 165.
30 **Ibid**.

Hy was verbonde aan die Krugerdorpse kommando wat na Doornkop in Natal gestuur is om genl. Lucas Meyer se magte te versterk.[31] Kemp meld in sy boek **Vir vryheid en reg** dat dit verskriklik baie gereën het op pad na Doornkop en al die burgers, selfs ook hy, was papnat en verkluim van die koue. Die aand het hy eers sy perd versorg alvorens hy onder 'n wa ingekruip het om skuiling te soek en te gaan slaap - dit was toevallig die wa van kmdt. Greyling van Standerton, verlangs familie van hom. Daar is aan hom 'n kombers en slaapplek gegee.[32] Teen dagbreek die volgende oggend, 20 Oktober 1899, kom die bevel van Lucas Meyer: "Sê hulle môre kêrels!"[33] Vanaf Talanaheuwel het die boerekanonne begin bulder en die bomme het met bykans dodelike akkuraatheid in die Engelse laer, wat teenoor hulle opgestel was, geland. Vanaf die Slag van Talana, 20 Oktober 1899, die eerste groot militêre geveg waaraan Kemp deelgeneem het, sou die stryd oor drie lange jare uitrek. Terselfdertyd sou Kemp aan verskeie oorlogsfronte vorder van gewone burger tot die hoogste rang - voordat hy dertig jaar oud was, het hy die rang van generaal beklee.[34]

Die oorlog het aan hom die geleentheid gegee om te toon dat hy oor buitengewone leierseienskappe en dapperheid beskik. Daar kan werklik beweer word dat hy nie 'n enkele bang haar op sy kop gehad het nie[35] en sy gunsteling bevel was "tjaarts".[36]

In veldslae soos dié van Elandslaagte op 21 Oktober 1899, waar onder andere sy skoonvader, landdros Bodenstein van Krugersdorp, gesneuwel het, en Rietfontein op 24 Oktober 1899, het Kemp te doen gekry met die volle aanslag van die Britse magte en nieteenstaande die oormag het die Boeremagte die oorhand gehad. Kemp beweer egter dat een van die grootste foute wat hulle gedurende die oorlog gemaak het, "was om nie ons oorwinnings op te volg nie".[37] Om dit te staaf, verwys hy na die Slag van Modderspruit op 30 Oktober 1899, toe Joubert nie sy oorwinning opgevolg het nie, maar op die lange duur met die beleg van Ladysmith baie mense verloor het. Toe genl. Louis Botha tydens 'n krygsraadvergadering aan Joubert gevra het waarom hy nie met die Krugersdorpse kommando die voortvlugtende vyand agtervolg het nie, was sy antwoord: "Dis onchristelik om 'n vlugtende vyand te agtervolg."[38]

31 **Ibid**., p. 191; Venter, p. 85.
32 Kemp., p. 191.
33 **Ibid**., p. 192.
34 **Die Huisgenoot**, 17 Januarie 1947, p. 9.
35 **Pirow**, p. 70.
36 Wennie du Plessis, **Die goue draad op die trekpad van 'n nasie** (Johannesburg, 1971), p. 9.
37 **Kemp**, p. 212.
38 **Ibid**., pp. 212-3.

Teen die einde van Oktober 1899 woed die slag van Lombardskop,[39] naby Ladysmith. Louis Botha gelas kmdt. Freek Potgieter se Krugersdorpers om 'n heuwel voor Lombardskop in te neem. Kemp vertel self daarvan: "Terwyl die burgers nog 'n bietjie maal voordat daar gestorm word, roep Rooi Paul du Plooy uit: 'Kom, kêrels!' en hy, sy seun Roelf, Piet du Toit en ek, wat maats was, jaag voort en kom saam met die Engelse op die koppie, waar ons 'n paar vuurwarm minute deurmaak totdat die ander burgers bykom. Ons veg hard en dryf die vyand terug."[40] Vervolgens het hulle Lombardskop beset.

Na die aanvanklike suksesse wat die Boeremagte in 1899 gehad het, het die gety aan die begin van 1900 begin draai, eers geleidelik, maar later het dit baie vinnig teen die republieke gekeer. Ses weke later, op 15 Desember 1899, was dit veral voor die Kruger-dorpers se dodelike mauservuur dat die Engelse aanslae by Colenso in duie gestort het. Hy het 'n leeueaandeel aan die Spioenkopslag, in Januarie 1900, gehad, en van die verdediging van Bosrand net vóór die Engelse deurbraak by Pietershoogte, 27 Februarie 1900, skryf Gustav Preller: "Geen mens het ooit trotseer wat daardie klompie Krugersdorpers onder Oosthuise en Jan Kemp oor hul heen laat gaan het nie....... 'n Nasie wat so sy haardstee en vryheid verdedig, sal leef, al was't ook deur die dood."[41] Interessant om te weet is dat voor die aanslag op Bosrand, Kemp met verlof was. Met sy terugkeer het sommige van sy burgers gekla dat die Krugerdorpers altyd moes ingaan waar die ander kommando's nie wou nie. Hy verklaar: "Ek was egter nooit geneig om bevele van my hoër offisiere te verontagsaam nie, en daarom het ek uitvoering van my bevele geëis."[42]

As gevolg van sy dappere optrede het Kemp reeds in die eerste jaar van die oorlog gevorder tot assistant-veldkornet en 'n rukkie later tot volle veldkornet.[43] Vroeg in 1900 word hy deur Louis Botha tot veggeneraal bevorder, nadat daar planne deur die Boere se militêre bestuur beraam is om Kemp met 'n invalsmag na die Kaapkolonie te stuur.[44] In Maart 1900 word die bevordering van Kemp tot veggeneraal deur Koos de la Rey bekragtig,[45] dog laasgenoemde was nie bereid om Kemp na die Kaapkolonie te stuur nie, aangesien genl. CR de Wet se invalsmag in die Kolonie genoodsaak was om na die Vrystaat uit te wyk. Genl. JC Smuts is die taak

---

39 PHS van Zyl, **Die helde-album van ons vryheidstryd** (Johannesburg, 1944), p. 23.

40 Kemp, p. 213; Van Zyl. p. 23; Van Rensburg, p. 9.

41 GS Preller, **Kaptein Hindon - oorlogsverhale van 'n baasverkenner** (Kaapstad, 1938), p. 112.

42 Kemp, p. 300.

43 **Ons Vaderland**, 8 Junie 1928; **JCG Kemp-versameling**, Band 11, ongepagineerd; De Kock, p. 439; Men of the times, **Pioneers of the Transvaal and glimpses of South Africa** (Transvaal Publishing Company, 1905), p. 215: "Mr. Jan Kemp was chosen by the famous De la Rey for the post of Acting-general, and the wisdom of this election was proved by the conspicuous part he played in the capture of lord Methuen in the Klerksdorp district."

44 Kemp, p. 368.

45 AG Oberholster, **Oorlogsdagboek van Jan FE Cilliers 1899-1902** (Pretoria, 1978), p. 224; **Die Huisgenoot**, 17 Januarie 1947, p .9; **JCG Kemp-versameling**, Band 11, ongepagineerd.

opgedra om die Kaapkolonie binne te val. Kemp was teleurgesteld aangesien hy van mening was dat die geleentheid hom ontneem is om te wys waartoe hy in staat was. Kemp se aanstelling het oor die burgers van die kommando's van Pretoria-distrik en Rustenburg gegeld.[46] Later, in April 1902, toe De la Rey na Klerksdorp moes gaan vir samesprekings oor vredesonderhandelinge, word Kemp aangewys as waarnemende kommandant-generaal.[47]

Toe lord Kitchener op 28 November 1900 die opperbevel van die Britse troepemag in Suid-Afrika oorgeneem het, is met 'n splinternuwe tipe oorlogvoering in Suid-Afrika, naamlik die guerrilla-oorlog begin.[48] Gedurende die slag van Nooitgedacht op 13 Desember 1900 is Kemp lig in die arm gewond. Dit was trouens die enigste letsel wat hy in die oorlog opgedoen het.[49] In die Wes-Transvaal was Kemp die regterhand van die merkwaardige militêre genie, De la Rey, en saam met laasgenoemde deel Kemp die eer van die meeste belangrike oorwinnings wat De la Rey tydens die guerillafase van die oorlog behaal het.

Die slag van Vlakfontein, 29-30 Mei 1901, is insiggewend wat betref die karakter van 'n man wat bereid was om te waag en wat nie vir die onsekere teruggedeins het nie. Toe die Engelse die veld aan die brand gesteek het om agter die rook te skuil en hulle bewegings vir die klein Boerekommando bedek te hou,[50] het Kemp as aanvoerder van die Boere nie om die rookgordyn getrek en 'n veilige stelling gesoek nie. Aan die spits van die burgers het hy deur die rook en vuur gestorm, tot ontsteltenis en skade van die vyand.[51] Hierdie doodsveragtelike optrede van Kemp en sy makkers is deur Engelse geskiedskrywers aangeprys: "The charge of the Light Brigade at Balaclava was child's play to this."[52]

Dit is kenmerkend van hierdie geharde stryder, na wie sy makkers met die grootste agting opgesien het, dat hy in sy boek **Vir vryheid en reg** meer oor die dade van ander as sy eie skryf: " 'n Boer te perd was feitlik 'n eenheid, 'n indiwidu [sic] op sigselwer… Elke Boer was ook 'n jagter en die jagkuns het vereis dat jy die beste gebruik maak van die taktiese eienskappe van die grond waarop jy jou bevind en

46 JCG Kemp, p. 369; WK Hancock en J Van der Poel, **Selection from Smuts Papers** (Cambridge, 1966), Volume IV, p. 342.
47 Scholtz, p. 14.
48 Kemp, p. 351.
49 **Ibid**., p. 359.
50 B Farwell, **The Great Boer War** (Londen, 1977), p. 338, Hy beweer dat die Boere onder die leiding van Jan Kemp die veld aan die brand gesteek het en sodoende hulself verskuil het vir die Engelse magte; Kemp, p. 393 (voetnota). Kemp meld dat die Engelse geskiedskrywers beweer dat hy die gras aan die brand laat steek het, dog hy maak dit af as 'n leuen; Dr. CF Albertyn (voorsitter), **Ensiklopedie van die Wêreld**, Deel 5 (Stellenbosch, 1973), p. 668.
51 A Conan-Doyle, **The Great Boer War** (Londen, 1902), p. 624.
52 I Hamilton and V Sampson, **Anti-Commando** (Londen, s.j.), p. 180.

moes leer om te verken. Ek kan dus sê dat elke Boer 'n ongeëwenaarde skut, 'n gebore perderuiter, taktikus en 'n verkenner was."[53]

Maart 1902 het vir die Republikeinse magte in die Wes-Transvaal goed begin toe Kemp en Wolmarans op 1 Maart 'n vrouelaer uit die kloue van die Britte bevry het. By Tweebosch, waar sy perd op 7 Maart 1902 onder hom doodgeskiet is, speel Kemp 'n belangrike rol in die gevangeneming van lord Methuen en sy kolonne.[54] Voor die slag het Kemp vir Siener van Rensburg geraadpleeg en hom gevra wat hy sien oor die uitkoms van die slag. Siener het gesê hy sien 'n rooi bul (Engelse) wat afstorm op 'n grys bul (Boere) - later retireer die rooi bul met gebreekte horings en 'n lam agterstewe. Hierdie voorspelling van die siener is tydens die slag bewaarheid. By Roodewal rig Kemp op 11 April 1902 'n roekelose en dappere aanval in die afwesigheid van De la Rey teen die magte van Sir Ian Hamilton. De la Rey was op 9 April 1902 in Klerksdorp vir samesprekings in verband met die voortsetting van die oorlog en dit het Hamilton die geleentheid gebied om met 'n gevaarlike dryfkrag teen Kemp te begin. As gevolg van 'n oordeelsfout, hoofsaaklik te wyte aan 'n misverstand in die geledere van Kekewich, rig Kemp met sy kommando's die aanval teen Kekewich se magte. Hier maak hy weer eens gebruik van die berede stormloop oor oop terrein.[55] Die aanval is deur die vyand gestuit, dog sonder enige beslissende resultate. Soos die aanvallers op Roodewal die knie moes buig voor die onmoontlike, sou die afgedwingde vrede kom, toe die Bittereinders hul vryheid nie verder kon verdedig nie.

## 4. BITTEREINDER

Reeds in September 1901 het Kemp voorgestel dat die burgerlike regering in Transvaal met 'n militêre bewind vervang word. Hierdie voorstel van hom is egter deur De la Rey verwerp.[56] Die vredespoging wat deur sekere Transvaalse voormanne aangewend is, soos onder andere Louis Botha en Koos de la Rey, was die eintlike rede vir Kemp se voorstel. Kemp was oortuig dat 'n ontydige vrede 'n klap in die gesig van die Vrystaters en Kapenaars[57] sou wees. Aangesien die Vrystaat nie die stryd gewonne wou gee nie en Kemp en kmdt. Muller suksesse behaal het met veldslae, wat volgens laasgenoemdes 'n bewys was dat oorwinnings van betekenis nog behaal sou kon word, verklaar Kemp: "As far as I am concerned

---

53 Kemp, p. 173.
54 Scholtz, p. 14; Van Rensburg, p. 10; **Beeld**, 6 April 2002.
55 MA Gronum, **Die Bittereinders 1901-1902** (Kaapstad: Tafelberg, c. 1974), p. 129.
56 De Kock, p. 439; Van Rensburg, p. 10; JF Naudé, **Vechten en vluchten van Beyers en Kemp**, pp. 287-8; SB Spies, **Methods of barbarism**, p. 81; **Leyds-argief**, 744, Krijgsraadvergadering, 1 Junie 1900.
57 Kemp, p. 411.

I will fight till I die."[58] Sy argument was: "If once they were vanquished it was all over for the Afrikaner people, and all chance of a revival would be gone forever. Why should they not continue to place their trust in God? They had no right to distrust a God who had helped them."[59] Dit is heel duidelik dat sy geloof in die toekoms van sy land en sy volk hom onversetlik laat stry het – selfs teen die dood. Dit is 'n getroue weerspieëling van die siel van Kemp.

Die onafhanklikheidskwessie was in dié stadium ter sprake en om daaroor te besin was pres. Burgers van die Vrystaat, De la Rey en Kemp en die kommando's op 11 Mei 1902 op Rietvlei byeen. "Soos één man sê hulle dat die regering kan toegee net wat hy wou, maar die onafhanklikheid moes ongeskonde bly; en as die Engelse dit nie wil nie, dan moet die stryd voortgesit word."[60] Kemp word deur die kommandolede van Krugersdorp, saam met JF Naude, gekies om hulle by die vredesonderhandelinge by Vereeniging te verteenwoordig.

Op Donderdag 15 Mei 1902 neem die vredesonderhandelinge by Vereeniging 'n aanvang. Asst. kmdt-genl. CF Beyers word op voorstel van JF Naude (later ds.), gesekondeer deur Kemp, tot voorsitter verkies.[61] Gewigtige en somber dae het gevolg en die volk was by die kruispad. Kemp se standpunt was deurgaans dieselfde: "Wat my afdeling betref, sien ek kans om met die stryd voort te gaan en die opdrag van my burgers uit te voer, naamlik 'staan by onafhanklikheid'. Ons het reeds lank vir onafhanklikheid geveg, en hoewel die dae nou moeilik en donker is, mag ons die stryd nie staak nie. As ons bymekaar staan is ons onoorwinlik. Indien ons onvoorwaardelik oorgee, was al die lyding, stryd en opoffering tevergeefs. Ek moet my opdrag uitvoer en staan by onafhanklikheid."[62]

Vir veertien dae is daar beraadslaag en daarna was die afgevaardigdes nog in die duister. In hierdie stadium het De la Rey die deurslaggewende toespraak gelewer waarna die pendulum in 'n beslissende rigting geswaai het: "U kan hier besluit wat u wil, maar ek sê vir julle, dat die byeenkoms die einde van die oorlog is. Maar die einde kan eervol of oneervol wees. Indien ons besluit om voort te gaan met die oorlog sal die einde oneervol wees....."[63] Hierna was dit vir die afgevaardigdes duidelik dat daar maar net een pad oop is, naamlik 'n staking van die stryd wat uiteindelik die verlies van onafhanklikheid tot gevolg sou hê, hoe bitter dit ookal sou wees.

58 Ivor Wilkins en Hans Strydom, **The Super Afrikaners** (Londen, 1980), p. 36; R Kruger, **Goodbye Dolly Gray**, p. 497.
59 TD Moodie, **The rise of Afrikanerdom** (Londen, 1975), p. 34.
60 Kemp, p. 411.
61 GD Scholtz, **Genl. Christiaan Beyers 1869-1914** (Johannesburg, 1941), p. 88.
62 JH Breytenbach, **Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog** (Pretoria, 1969), p. 189.
63 **Ibid**.

Op Saterdag 31 Mei 1902 word die voorstel, waarin die Britse voorwaardes aangeneem is, tot stemming gebring. Daarvoor het 54 afgevaardigdes gestem en ses daarteen, naamlik drie Transvalers, Jan Kemp, GG Alberts en J Naude, en drie Vrystaters, AG Bester, CCG Badenhorst en CA van Niekerk.[64] Treffend beskryf Kemp sy gevoel as hy skryf: "En die aarde was woes en leeg, en 'n rookwolk styg op uit die vlakte."[65] Agter die afgebrande huis op die plaas Doornkom was daar 'n koppie, waarop 'n kraal geleë was, en hier het die burgers byeengekom om die uitslag van die vredesonderhandelinge aan te hoor. Hoewel hulle reeds daarvan bewus was dat vrede gesluit is, en gedagtig aan hulle opdrag aan hul afgevaardigdes, het hulle gedink dat onafhanklikheid behou is. Hulle was geskok oor die uiteindelike uitslag van die onderhandelinge. In stilte het die oorgawe van die kommando's plaasgevind.

'n Geskokte predikant het verklaar: "Ek kon God nêrens sien nie. Ek het weggegaan soos 'n uitgeworpene en moes in my siel worstel."[66] Kemp skryf: "Hete, soute trane rol oor die bruin gebrande wange om op die verskroeide grashalmpies aan hul voete te val….. Groue grysaards en baardlose seuns het gesnik en geween….. "[67] Ewe skielik was sy "stryd" verby - dit waarvoor hy gelewe, geveg en gedroom het. Maar bo alles het hy nog steeds bly glo dat nasionalisme die wet van God in die lewe van 'n volk was en vir hom was die nasionalisme onvernietigbaar.[68] Sy geloof in sy volk en die strewe na 'n vrye onafhanklikheid is nie met die Vrede van Vereeniging begrawe nie - hierdie "vernedering" sou hy in die toekoms probeer omskep in 'n "oorwinning", vir dit wat vir hom so kosbaar was.

Toe dit by Vereeniging gelyk het asof die aarde woes en leeg was, was dit hy wat nog kon sê: "Ons het so lank gestry vir ons onafhanklikheid en hoewel die dae moeilik en donker is, mag ons die Stryd nie opgee nie."[69] Sonder die naam van genl. Jan Kemp sal dit inderdaad onmoontlik wees om die militêre geskiedenis van die Afrikaanse volk te beskryf. As vurige republikein was die Vrede van Vereeniging vir hom 'n droewige dag. Vir sy onblusbare nasionalisme en vryheidsin was die uitkoms van die oorlog 'n geweldige geestelike skok en teleurstelling. Eerder as om 'n Britse onderdaan te word, wil Kemp hom ná die oorlog, saam met burgers wat soos hy gevoel het, in Duits-Suidwes-Afrika gaan vestig om daar

64 GHL Le May, **British supremacy in South Africa 1899-1907** (Oxford, 1965), p. 153; Kemp, p. 475; Breytenbach, p. 324; Bylaag 4.
65 Kemp, p. 476; Hancock en Van der Poel, p. 342.
66 Van Rensburg, **Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907** (Bloemfontein, U.O.V.S., 1964), p. 330.
67 Kemp, p. 476.
68 MPA Malan, **Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy stryd en prestasies, 1914-1915** (Pretoria, 1964), p. 45.
69 Maritz, p. 3.

liewer te verduits as om in Suid-Afrika te verengels. De la Rey het hom egter oorreed om in die Transvaal agter te bly. Hy vestig hom op Krugersdorp waar hy 'n "algemene agent kantoor" geopen het.

Dit was die unifikasie van die vier provinsies van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 wat Kemp meer aktief by landsake betrek het. FW Beyers, kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag, het daarna gestrewe om van sy strydmakkers wat hulle op 'n besondere wyse in die Tweede Vryheidsoorlog onderskei het, te betrek.[70] Gevolglik het hy onder andere vir Kemp versoek om 'n offisier in die Verdedigingsmag te word. Na sy opleiding te Bloemfontein het hy die rang van majoor ontvang.

## 5. KEMP DIE REBEL

Die uitbreek van die oorlog in Europa in 1914 en Suid-Afrika se gevolglike besluit om as deel van die Britse ryk deel te neem, het verreikende gevolge in die Afrikanervolkslewe gehad. Dit is so omdat dit slegs twaalf jaar na die vernederende oorgawe by Vereeniging die republikeinse ideaal laat herleef het - dit is gesien as 'n kans om die verlore republikeinse herstel te herwin. Om na die stem van jou gewete te handel en daarmee jou volk se siel te red, vereis hoogste offers. Dit sou ook die ervaring van die Bittereinder Kemp wees. Aanvanklik was hy gekant teen Koos de la Rey se planne vir 'n halsoorkop staatsgreep vroeg in Augustus 1914. Hy was van mening dat die tyd vir optrede nog nie ryp was nie. Sy standpunte sou eers uitkristalliseer na die kommandantevergadering in Pretoria op 14 Augustus 1914, waar die Regering sy voorgenome Duits-Suidwes-Afrikaveldtog voorgehou het. By hierdie geleentheid het dit vir hom duidelik geword dat Botha en Smuts eerder Ryks - as Afrikanerbelange nastreef[71] - iets wat hy tot in sy siel verag het. Hy het nou eensklaps na vore getree as een van die grootste teenstanders van die Regering se voorgenome Duits-Suidwes-Afrikaveldtog - hy het in sy gees gerebelleer. Sy optrede hierna is grootliks deur die momentum van die ontevredenheid met die Regering se optrede en daaruitvloeiende gebeure bepaal.

As gevolg van die mislukking van die "binnelandse" rebellie is Kemp gedwing om aansluiting met Maritz in Duits-Suidwes-Afrika te probeer bewerkstellig. Dit het tot gevolg gehad dat hy met meer as 600 man 'n dorslandtrek deur die Kalahari-woestyn aangepak het. Onder sy besielende leiding het hulle daarin geslaag om die onherbergsame gebied te oorwin in een van die merkwaardigste togte in die militêre geskiedenis van Suid-Afrika.[72]

---

70 Scholtz, p. 14.
71 Kemp, **Pad van die veroweraar** (Kaapstad, 1942), p. 147.
72 **Ibid**.

Die ontmoeting tussen Kemp en Maritz het die finale fase van die rebellie ingelui. In sy samesyn met Maritz was Kemp bepaald die junior vennoot wat gereeld by die planne van die voortvarende Maritz moes inval. Kemp het nooit geweet waar hy met Maritz staan nie en dis opvallend dat Maritz selfs in die finale onderhandelinge met die Regering die inisiatief behou het.

Na die slag by Upington in Januarie 1915, waartydens die rebellemagte verslaan is, skei Kemp en Maritz se weë. Kemp en sy manne gee onvoorwaardelik oor, terwyl Maritz na Duits-Suidwes-Afrika uitwyk. Na die oorgawe was Kemp in Johannesburg se tronk 'n verbitterde man. Die rede was dat hy Smuts en Botha verkwalik het dat hulle toegelaat het dat die Rebellie in 'n broederoorlog ontaard. Daar was sekerlik 'n groot mate van mismoedigheid by Kemp in die tronk te bespeur, soos blyk uit sy herinneringe, wat inderdaad 'n felle aanklag teen die veroweraar van die Afrikanervolk is. Kemp het die swaarste vonnis wat nog ooit aan 'n rebel opgelê is, nl. R2 000 boete en sewe jaar tronkstraf, op 23 Julie 1915 gekry.[73]

Jan Kemp se afkoms en vormingsjare het van hom 'n stryder gemaak. Die vryheidsideaal was by hom ingebore en gelouter en daarvoor was hy bereid om homself op die vryheidsaltaar te plaas. Sy hele lewe - militêr en polities - was geskoei op dié lees en in 'n huldeblyk op 17 Januarie 1947 berig **Die Brandwag**: "As sinnebeeld van taaie volharding en grootmenslike hartstogtelikheid vir verhewe vryheidsideale sal hy onthou word...."[74] Vir die bereiking van dié ideaal was hy bereid om enigeen die stryd aan te sê, selfs die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag.

73 **Rebelle verhore**, Pretoria Landdros Hoogverraad sake, 1914, p.225.
74 Maritz, p.3.